Beter Diens

FIETSE
RADIOS ens.

H. VILJOEN
Pleinstraat

Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
(UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE S.R.)
SPESIALE UITGAWE

Vol. XV, No. 5 DONDERDAG, 25 MEI 1961 Prys 2½c

SIT SAG MET
INTERVARSITY
SPONSRUBBERKUSSINGS
(in 'n voetbalvorm)
Word weggegee teen
50c elk
(Was R1.57½)
Gebrs. De Wet
STELLENBOSCH
Posbus 21 Tel. 19, 20, 21 en 22

# REPUBLIEKFEES IN STADSAAL

## *Studente se Aandeel*

VANAF die vroegste dae leef daar in die gees van die Afrikaner een groot ideaal. 'n Ideaal wat nog nooit tot sy volle glorie kon gedy nie omdat telkens 'n volksgroep weggebreek het of 'n Republiek nie tot volle wasdom kon groei nie. Hierdie republikeinse ideaal het egter onvernietigbaar bly voortbestaan en is gelouter deur elke terugslag totdat ons vandag in die bevoorregte posisie is om op Stellenbosch die intrede van die Republiek van Suid-Afrika te gedenk.

Die spreker by die byeenkoms vanaand in die stadsaal is 'n lewende voorbeeld van 'n oud-student wat hierdie ideaal gedra en probeer bevorder het. Saam met so vele ander oud-Maties staan ons geagte Kanselier, Sy Edele dr. T. E. Dönges, nog steeds op die voorpunt van die stryd. In die Volksraad, die Senaat, die Provinsiale Rade en in die Kabinet, om net die hoogste poste te noem, is manne wat onvermoeid gearbei het en nog werk om ware volkseenheid in die Republiek Suid-Afrika te verkry.

### A.S.B.

Studente het ook hul deel bygedra. Die Republikeinse ideaal was sedert sy stigting een van die grondbeginsels van die Afrikaanse Studentebond, waartoe Stellenbosch van toe af al behoort en aktief deelgeneem het.

Op 5 Oktober 1960 het die blanke kiesers van Suid-Afrika beslissend ten gunste van 'n Republikeinse staatsvorm besluit. Op 31 Mei 1961 word Suid-Afrika 'n Republiek.

### PLAASLIKE FEES

Die Studenteraad se A.S.B.-komitee het besluit dat dit passend en nodig sal wees om hierdie gebeurtenis feestelik te gedenk. Hiervoor word vanaand in die stadsaal 'n spesiale program aangebied. Omdat hierdie geleentheid net eenmaal kom sal ook die fees vir ons Universiteit 'n unieke voorreg wees. Die Republiek is die mylpaal in ons geskiedenis waarby die strewe van Suid-Afrika deur die jare kulmineer.

### PROGRAM

Die program sal soos volg verloop.

Die verwelkoming sal deur mnr. Tertius Delport, voorsitter van die A.S.B.-komitee waargeneem word, waarop die vise-kanselier, ds. J. S. Gericke, die skriflesing en gebed sal waarneem.

Hierna volg 'n huldigings- en feesprogram in lied en woord, getitel: „Die Republiek van Suid-Afrika". Die verhaal van die Republiek begin by „Die ruwe Kaap van Storme", wat deur 'n massakoor gesing sal word. Dan dra dr. M. Swart „Die Gebed van Jan van Riebeeck" voor. Vervolgens sal die Voortrekkerverhaal deur dr. Swart en mev. C. Bührmann voorgedra word, wat respektiewelik „Die Voortrekker se Vaarwel" en „Dingaansdag" sal voordra.

'n Spreekkoor onder mev. Esther van Ryswyk sal „O wye en droewe land" voordra; die massakoor sal „Waar Ruimtes Roep" sing en „Gebed om die Gebeente" sal ook voorgedra word. Hierdie deel beeld die smart en lyding van Boere uit. Hierop volg „Oranje, Blanje, Blou". Die jeug en sy strewe kom tot uiting in „Ek is die Jeug" en „Die Lied van jong Suid-Afrika". Dié deel van die program word afgesluit deur die sing van die „Republikeinse Lied". Die massakoor staan onder die leiding van Albert Basson en die spreekkoor word deur mej. M. E. de Villiers afgerig.

### VERKLARING

Die Rektor, dr. Thom, sal nie persoonlik teenwoordig kan wees nie, maar sy boodskap sal voorgelees word, waarna die feesrede deur dr. Dönges sal volg. Mnr. Gideon Boshoff, voorsitter van die Studenteraad sal die bedankings doen en 'n plegtige verklaring van getrouheid aan die Republiek voordra. Die fees sal sluit met die sing van „Die Stem van Suid-Afrika".

### NUWE ERA

Die verwagting van die ouer geslag van die jeug spreek uit die woorde van dr. Verwoerd: „Dis die jeug van vandag wat in die volgende 40 tot 50 jaar in Suid-Afrika sal moet leef en werk. Hul toekoms en die toekoms van hul vaderland hang ten nouste saam." Ons, die jeug staan nou in die bestemming wat die trekkers gaan soek het in die blou newels van die onbekendes voor hulle. Nou dat die ideaal verwesenlik is mag ons nie gaan rus op die louere van ons heldeverlede nie. Nee. Ons mag roem, dit is ons plig en ons eer. Ons durf nie gaan staan nie. Die Republiek is nie net die einde van 'n voorafgaande era nie, dit is ook die aanvang van 'n nuwe.

Ons is „die jong geslag van vandag wat in die volgende veertig of vyftig jaar in Suid-Afrika sal moet leef en werk."

# EERSTE STAATSPRESIDENT



MNR. C. R. SWART

Die eerste Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika, mnr. C. R. Swart is in die distrik Winburg in die Vrystaat gebore, in die tyd toe Pres. M. T. Steyn nog president van die Oranje-Vrystaat was.

Mnr. Swart het op die ouderdom van 13 jaar gematrikuleer. Daarna is hy na die Universiteit waar hy 'n M.A.-graad behaal het, voordat hy nog 20 jaar oud was. Vervolgens was hy onderwyser en advokaat, voordat hy hom na die politiek gewend het en Volksraadslid en later Minister van Justisie geword het.

Ons president is 'n menslike en nederige persoon wat 'n wye belangstelling het. Hy dra kennis van 'n verskeidenheid van onderwerpe, waarvan sy veelsydige werksaamhede deur sy lewe ook getuig. Saam met sy vele kennisgebiede stel hy nog 'n lewendige belang in die boerdery.

Die belangrike pos van president val op sy skouers nadat hy reeds waargeneem het as Eerste Minister en Goewerneur-Generaal was. Hierdie poste het hy met waardigheid gevul en indruk gemaak deur sy vriendelike genaakbaarheid, sy menslikheid en sy opregtheid.

Vir ons is hy 'n waardige voorbeeld om na te strewe. Hy is 'n produk van Suid-Afrika, gekap uit harde hout, vertroud met die bodem van die land wat ons dien. Gevorm deur jare van diens aan sy volk, sy vaderland en sy God dra hy die stempel van dit wat edel is in die Afrikanernasie.

Ons eer hom vir wat hy is en vir dit waarvoor hy staan. Ons volg hom waar hy ons ook al voorgaan op die pad van Suid-Afrika.



# DR. H. F. VERWOERD:

Vir vorige geslagte was die Republiek 'n ideaal. Ons, die geslag wat vandag regeer, maak dit 'n werklikheid. U, die opgroeiende geslag, sal binnekort van ons moet oorneem en hierdie Republiek van Suid-Afrika behou vir die blanke Westerse beskawing en vir die goeie orde, voorspoed en eie kanse wat dié beskawing aan almal bring wat daarmee in aanraking kom.

## *BOODSKAP VAN DIE KANSELIER*

# 'N TAAK BEGIN

Een geslag se taak word volbreng met die uitroep van ons Republiek.

'n Volgende geslag se taak begin dan.

Die toekoms van die Republiek van Suid-Afrika word nou, in 'n groot mate, die verantwoordelikheid van die jeug van Suid-Afrika. Aan hul sorg word die Republiek opgedra vir veilige bewaring as 'n kosbare erfenis wat hulle, ongeskonde en verryk, aan 'n volgende geslag kan toevertrou.

Dis 'n groot taak in hierdie onrustige tye.

Mag die seuns en dogters van Suid-Afrika as 'n verenigde nasie daartoe die nodige krag en genade ontvang!

T. E. DÖNGES



# MATIELAND EN ONS REPUBLIEK

DEUR DR. MARIUS SWART

**DIE Republiek van Suid-Afrika is 'n feit, 'n voldonge waarheid. Dit is nie meer 'n ideaal wat nagestreef moet word nie, soos wat vir baie dekades lank met ywer ongeag teenslae gedoen is, maar 'n heerlike werklikheid vir elke landsburger wat in die toekoms glo.**

Op 31 Mei vanjaar neem die droom van so baie studente oor etlike jare van verskillende hoër opvoedkundige inrigtings volle gestalte aan. Ja, ook die studente, miskien juis die studente, het hulle besondere bydrae tot dié verwesenliking gelewer. Soms was dit meer opvallend, by tye sluimerend, dikwels meesleurend, maar altyd positief in die hart aanwesig. Trouens, dit is laasgenoemde feit wat die grootste betekenis inhou. In die harte van ons studente het steeds die Republikeinse toekoms geïnspireer.

### VOLKSLEIERS

Ook vanaf Stellenbosch het die sterk ywer vir 'n eie, onafhanklike Republiek van Suid-Afrika uitgegaan. Is dit nie vanuit hierdie gemeenskap dat volksleiers oor geslagte die boodskap suiwer gebring het nie? En agter hierdie manne was telkens ook die Stellenbosse student geskaar. Die leiers kon die oproep bly doen omdat hulle geweet het dat toe hulle nog student was, byna die hele studente-unie die gedagte goedgesind was. Daardie tydgenote was wel nie meer studente nie, maar hulle gees het die nakomelinge begeester. Daarby het hulle, op die kulturele fronte waar hulle oral in die land gestaan het, die nuwe jeug sodanig besiel dat diesulkes reeds met die hoop op 'n Republiek by die universiteit opgedaag het! Dit juis is die verdere betekenis van die Republikeinse bydrae van die studente naamlik dat hulle ná die jare van studie die ideaal elders help hoog hou het.

Die fees wat Stellenbosch op 25 Mei hou, is dus baie beslis geregverdig en selfs noodsaaklik aangesien dit 'n afronding van die geheel sal wees. Maar die studente self sal sorgdra dat die hele verhaal nie daar eindig nie. Inteendeel, hulle as die ware Republikeinse geslag sal opnuut en onmiddellik die uitdagings in die nuwe bedeling aanpak. En hulle sal dit nou soveel te meer geslaagd kan doen **omdat elke student aan elke inrigting met elke daad die heil van ons gemeenskaplike Republiek sal kan bevorder.**

### NA 1902

Die Tweede Vryheidsoorlog het op 31 Mei 1902 geëindig en sedert daardie dag het die Transvaalse asook die Vrystaatse Republiek nie meer bestaan nie. Na maande het die Boerekrygsgevangenes vanaf Ceylon, St. Helena, die Bermudas en elders teruggekeer. Van hulle het hulle reeds in 1903 na Stellenbosch gewend ten einde daardie kursusse te voltooi waarmee hulle miskien vroeër besig was. Maar dit was veral in 1904, 1905 dat 'n groot aantal jong mense, maar ouer as die huidige student, as oud-krygsgevangens en oudstryders, as boere of onderwysers na Stellenbosch gekom het om te studeer.

Hier te Stellenbosch, en juis hier, het daardie studente opnuut die fondamente vir 'n latere republiek gelê. Dit was veel verwag dat 'n man na twee, drie jaar se studie vir twee, drie jaar sou gaan veg en dan terugkom om weer eens jare te studeer. Nou was hy ouer, deur die lewe seergemaak, verarm. Die gees egter is gelouter, die ideale en roepingsbewustheid suiwerder. **Aan hiérdie Maties moet ons terugdink as ons President op 31 Mei die ampseed aflê. Hulle het ons geleer dat ons burgers van 'n eie staat is.**

### D. F. MALAN

Ons dink ook onwillekeurig terug aan 13 Augustus 1908 toe ene D. F. Malan juis op Stellenbosch sy beroemde voorlesing gehou het oor die tema: **„Het is ons Ernst."** Weliswaar het hy oor die Afrikaanse taal gepraat, maar hierdie ware leier het geweet dat daar op elke vlak gebeitel moet word ten einde die eintlike doelwit gestalte te gee.

### N. J. VAN DER MERWE

In 1910 het die onvergeetlike dr. N. J. van der Merwe as 22-jarige jongman op Stellenbosch geregistreer. Hier het hy met onuitbluslike dryfkrag die uitbouing van die Afrikaanse taal bepleit en daarmee die studente-unie tot konstitusionele doelgerigtheid help slyp. Sy taalfees van 1913, waaraan 2,000 persone deelgeneem het, saam met die politieke verwikkelinge tussen Hertzog en Botha, het Stellenbosch vir goed 'n Afrikaanstalige akademiestad gemaak.

### POSITIEWE EISE

Die leier in Transvaal van die nuutgestigte Nasionale Party, advokaat Tielman Roos, het reeds in 1917 'n manifes gepubliseer waarin hy en sy ondersteuners sterk om 'n republiek gepleit het. In 1919 het 'n groep volksleiers, waaronder D. F. Malan en ander gewese Stellenbossers, 'n deputasie gevorm wat na Parys gegaan het om te eis dat Transvaal en die Vrystaat as onafhanklike state herstel moet word. Nodeloos om te sê dat die herstel van die republikeinse orde in hul gedagte was. Intussen het Hertzog, self 'n student van Stellenbosch, hom op die Federale Raadsbyeenkoms van die Nasionale Party daarvoor beywer om geheel Suid-Afrika soewerein onafhanklik te maak. Hierdie ideale het hy in 1926 met die Rykskonferensie in Londen verder gevoer.

Verskeie faktore op allerlei lewensterreine het nou nuwe vorme laat ontstaan, maar vir steeds meer mense het die verwesenliking van die republikeinse ideaal dringender geword. Hertzog wou hom, vanweë sy groter eenwordingsplanne, nog nie op daardie stadium reeds, 1924, 1929 en 1933, te duidelik oor 'n republiek uitspreek nie, maar die ideaal het wel by hom geleef. Sy planne het egter gaandeweg verskil van daardie seksie van sy vroeëre ondersteuners wat ná 1934 die republikeinse ideaal doelbewus voorop gestel het.

### REPUBLIKEINSE BOND

Reeds in 1930 is die Republikeinse Bond gestig, 'n liggaam wat binne die Nasionale Party sou fungeer, en in 1936 het die Herenigde Nasionale Party dit as 'n kerndoelwit van sy program gestel omdat juis die republikeinse staatsvorm by die Suid-Afrikaanse volk die beste aangepas het. Weer eens het Stellenbossers soos dr. D. F. Malan, adv. J. G. Strijdom en in 1937 ook dr. H. F. Verwoerd, as redakteur van **Die Transvaler,** die leiding geneem.

Maar dít was manne wat op Stellenbosch gestudeer hét. Wat sou egter die reaksie van diegene wees wat op daardie tydstip Maties was? Nog net dieselfde as altyd. In Junie 1936 het 'n groepie Stellenbossers die vierde jaarlikse saamtrek van lede van die Afrikaans-Nasionale Studentebond, wat die voorloper van die huidige A.S.B. was, namens hulle universiteit te Bloemfontein bygewoon. Daar was onder andere J. T. M. de J. van Arkel, J. S. Gericke, W. A. de Klerk en N. Diederichs.

### BY VROUEMONUMENT

Saam met ander studente het hierdie Maties een nag tydens die kongres by die Vrouemonument 'n gelofte afgelê dat hulle elkeen die toekoms van Suid-Afrika, **as selfstandige** republiek, sal help bou. Saam met hulle op die kongres teenwoordig was H. F. Verwoerd, die man wat finaal die republikeinse knoop deurgehak het! Geen wonder nie, na sulke besieling, dat die Stellenbosse studente-unie besluit het om hom in 1936 met besondere ywer aan onder andere ook die Geloftedagvierings toe te wy.

### VOLKSSIMBOLE

Ná die troebel eerste dae van September 1939 het sommige landsburgers ge-eis dat die begeerde republiek desnoods met geweld verkry of in 'n nuwe gedaante gegiet moes word. Maar hiervan wou Hertzog en Malan nie hoor nie. Slegs op konstitusionele wyse, ná oortuigingswerk, studie, en met 'n demokratiese grondslag sou die ideaal bereik word. Die een stap na die ander is daarna afgehandel en onder die geliefde J. G. Strijdom is verdere bindende gemeenskaplike simbole daargestel wat as hegte grondslag kon dien wanneer die nuwe republiek gebore word.

Uiteindelik op 5 Oktober 1960 is die volkstemming toe gehou. Ook die Maties het gaan kruisie maak. Die persentasie studentestemme uitgebring was meer as 97%. Dit op sigself is 'n bewys van die knap organisasie en verantwoordelikheidsgevoel van die student. **En die Stellenbosse uitslag as sodanig het bewys dat die Stellenbosse student pro-rebublikeins is — nog steeds, na al die geslagte.**

Dit is 'n belangrike feit hierdie want in die jongste jare het steeds meer nie-Afrikaanssprekendes hulle alhier as studente laat registreer. Ook hulle is dus getrou aan die voorbeeld en ideaal van 'n Matie-voorgeslag. Ook hulle gaan in ons gesamentlike, mooi, republikeinse toekoms die volle bydrae lewer.


TEGNOLOË

*...beplan 'n skitterende toekoms by* AE&CI

DIE AFRIKAANSE SPRINGSTOWWE EN CHEMIESE NYWERHEDE het 'n groot verskeidenheid chemiese installasies waarvan sommige onder die wêreld se grotes tel. Die uiteenlopende soorte werk by dié installasies en ook in hierdie reuseorganisasie se talle afdelings soos ingenieurswese, navorsing, ontwikkeling en werkstudie, verseker dat uitgebreide ondervinding binne 'n kort tydperk op talle gebiede opgedoen kan word.

In ons diens is daar baie mans (en verskeie vroue) met universiteitsgrade of gelykstaande professionele kwalifikasies op die gebied van:

- **Skeikunde (by voorkeur gepaard met Fisika of Wiskunde)**
- **Skeikundige Ingenieurswese of Toegepaste en Nywerheidskeikunde**
- **Ingenieurswese (Werktuigkundig, Elektrotegnies of Instrumente)**
- **Fisika**
- **Wiskunde**

As u die nodige kwalifikasies besit (het sy u reeds ondervinding opgedoen het of nie), kan dit tot u voordeel wees om inligting te verkry oor die diensvoorwaardes en bestaande vakatures in hierdie vooruitstrewende en uitbreidende Suid-Afrikaanse maatskappy. Enigeen van die volgende amptenare sal u help:

- **Die Fabrieksbestuurder, Modderfonteinse Dinamietfabriek, PK. NOORDRAND, Transvaal.**
- **Die Raadgewende Ingenieur, Posbus 796, GERMISTON, Transvaal.**
- **Die Fabrieksbestuurder, Somerset-Wes-fabriek, PK. DINAMIETFABRIEK, Kaap-Provinsie.**
- **Die Navorsingsbestuurder, Navorsingsdepartement, PK. NOORDRAND, Transvaal.**
- **Die Fabrieksbestuurder, Umbogintwini-fabriek, PK. UMBOGINTWINI, Natal.**
- **The Managing Director, AE & CI (Rhodesia) Limited, P.O. Box 989, SALISBURY, Southern Rhodesia.**

**AFRIKAANSE SPRINGSTOWWE EN CHEMIESE NYWEHEDE BEPERK**

Kirby 6014



# GELOOF EN WERK

DIE onsterflike lewenskiem van 'n volk is die vryheidsin wat gevoed word uit sy Godsvertroue. Dit is deur ons lewe heen geweef. Dit is die klank van ons wordingsweë. Dit is die gang van 'n volk op sy pad wat ook vir jong Suid-Afrika beweeg het tot 'n nuwe dag, die verwesenliking van 'n langverwagte ideaal.

Met die koms van ons Republiek het die volk op 'n plek gekom waar die verlede hom aanspreek en die toekoms hom toeroep. Enersyds is die taak van voorgangers hiermee volbring maar andersyds word die nuwe begin aangekondig en in 'n atmosfeer van gemengde gevoelens word ons opgeroep om oor te neem en voort te gaan om te handhaaf en te bou. In besonder is dit die jeug van ons dag wat die fakkeldraers moet wees want dit is hulle wat in die komende jare in Suid-Afrika sal moet leef en werk. Die taak behoort aan hulle, die stryd is vir hulle en die oorwinning kan aan hulle behoort. Daarom dat hierdie historiese dag ons weer eens oproep om saam te staan en te besin, want hoe verskillend ons ookal mag praat en hoe anders ons ookal mag voel, moet ons gemeenskaplik bely dat indien die saak ons erns is, die taak ons liefde moet wees en ons mekaar nodig het. Ons kry nou weer geleentheid, daar is nog 'n kans!

In vaste geloofsvertroue moet ons voortgaan met die oog gevestig op God as die blink môrester wat die lot van nasies beskik en volke lei langs weë wat hulle self nie verwag het nie. Ons moet glo asof alles van God afhanklik is, ons moet handel asof alles van onsself afhanklik is. Elke lid van ons liggaam en elke roersel van ons siel moet ten doel gestel word om die saak te dra en die roeping te vervul. Ons moet innerlik sterk wees en voortgaan op die pad. Ons moet die ongelowiges, tammes, die vyandiges wat uitgesak het die hand gee, aanmoedig en inspireer om hulle op te roep en saam te bring tot die binnekamer van die volk met een strewe, een doel, een liefde, een volk en een God.

Mag die Republiekwording vir ons in Suid-Afrika 'n vaste tree wees op die pad na innerlike eenheid, krag en voorspoed.



GIDEON BOSHOFF

Voorsitter van die Studenteraad

## DANKBETUIGING

Die Matie wens langs hierdie weg sy hartlike dank uit te spreek teenoor die persone wat ten spyte van hul bedrywige en vol program nog die moeite gedoen het om hierdie spesiale uitgawe moontlik te maak.


6-UUR DIENS
IN ONTWIKKELING
VAN FILMS
ASOOK VERGROTINGS

EDRICH

DIE TUISTE VAN
FOTOGRAFIE

**Die Matie**

SPESIALE UITGAWE

DONDERDAG, 25 MEI 1961

# IN DIE TOEKOMS

WANNEER die Unie van Suid-Afrika volgende Woensdag, 31 Mei die Republiek van Suid-Afrika word, sal die lewe sy normale gang gaan, maar in menige gemoed sal taferele afspeel wat elk sy eie verhaal sal vertel. Verhale van stryd, van werk, van nederlaag en sukses. Vir die ouer geslag wat deur die jare onvermoeid gearbei het, het Republiekwording 'n diep betekenis.

Voor ons, die jong geslag lê die Republiek as 'n onbekende, dringende uitdaging wat ons moet aanvaar en oorwin. Ons het hierdie strewe ons eie gemaak en moet voorberei wees om aan die hoë eise te voldoen.

Die aanslae van buite sal hewiger word en die eise om innerlike eenheid groter. Daarom sal ons vasberade en beginselvas moet wees. Alleen as ons oortuig is van die koers wat ons volg en as ons die pad betree met onwrikbare geloof sal ons kan veg teen kwaadgesinde strominge wat ons ondergrawe en wil vernietig.

Om so te kan vasstaan is dit nodig dat ons onsself sal ondersoek en waar nodig heroriënteer. Ons sal eerlik moet soek of ons beginsels nog so suiwer is, of dit nie alreeds verwater is omdat ons die maklike weg soek nie. Die gevaar is, dat ons verskrik en bang sal word en sal toegee; in die tyd as dit nodig is dat ons 'n besliste houding sal inneem. Ons veg nie net vir die voortbestaan van 'n volk nie, maar vir die behoud van 'n Christelike lewenswyse. Daar mag nie in eie kraal twyfelaars wees nie.

Ons is op Stellenbosch om te studeer, nie net vir die meer geld wat dit later sal oplewer nie, maar omdat ons daardeur onsself versterk. Kennis is dié mag wat ons sal vrywaar teen oppervlakkigheid, teen 'n slappe willoosheid wat nie omgee wat met hom gebeur nie. Hier moet ons die kans gebruik om ons beginsels op kennis te fundeer sodat ons ons houding teenoor die lewe altyd helder kan verkondig.

Die voortbestaan van 'n nasie hang af van wat ons, die jeug, se uitspraak gaan wees in sake van deurslaggewende belang. Sal ons dan terugsit om die werk aan die volgende een oor te laat, sal ons die skouers ophaal en sê dat dit ons nie raak nie? Mag dit wees dat ons na vore sal kom en onsself, met ons bekwaamhede, tot die beskikking van ons land en volk stel. Suid-Afrika het elkeen nodig wat wil werk en dien.

Die Matie wil hulde bring aan 'n voorgeslag van karaktervaste mense, wat die geloof in hul volk behou het, as ons die Republiek met sy eise en verpligtinge aanvaar.

In eerbied en nederigheid by die besef van die verantwoordelikhede wat op ons rus, sê ons ja op die roepstem van ons Vaderland. Ons sal getrou bly aan ons volk en sy tradisies omdat die heerlike plig ons opgelê is om te handhaaf; en te bou aan die toekoms. Ons sal werk om die mooie uit die verlede oor te dra op die nageslag. Ons sal voortgaan op die pad van Suid-Afrika om die toekoms van ons volk en nasie te verseker.

Dit doen ons terwyl ons die woorde van dr. D. F. Malan onthou:

Glo in jou God, Glo in jou volk, Glo in jouself.

B.L.

# DIE TAAK VAN DIE STUDENT IN DIE REPUBLIEK

*deur PIETER H. KAPP*

(Oorgeneem uit „Die Pieke", 24 Mei 1961)

DIE vraag wat hom onwillekeurig aan 'n mens opdring, wanneer jy jou gedagtes oor hierdie onderwerp laat gaan, is of dit nou werklik nodig is om oor hierdie saak te besin. Die Republiek bring tog geen revolusionêre veranderings in ons lewenswyse te weeg nie, en die verandering op staatkundige gebied sal die gewone mens byna nie beïnvloed nie. Waarom dan vir die student in die Republiek 'n spesifieke taak stel?

Dit is waar. Uiterlik sal daar geen revolusionêre veranderings wees nie. Maar die krag en die betekenis van die Republiek lê nie in sy uiterlike vorm nie, maar in sy innerlike aard. **Dit is nodig en goed dat elke Suid-Afrikaner in hierdie Republiek-maand vir 'n oomblik tot stilstand sal kom en sal besin oor sy verhouding tot, en sy taak in, die Republiek van Suid-Afrika,** want hierdie verandering moet wees die begin van 'n nuwe toewyding aan ons vaderland. As hierdie besinning nie gaan plaasvind nie, gaan die ideale, wat ons vir onsself gestel het, nie verwesenlik word nie.

As dit waar is van elke individuele burger, dan is dit soveel te meer waar van ons as studente, want op ons rus die verantwoordelikheid vir die toekoms van Suid-Afrika Die Republiek van Suid-Afrika gaan nie 'n maklike toekoms tegemoet nie, en ten einde hierdie toekoms te verseker, is manne en vroue van kaliber nodig. Ons as studente sal moet besef dat die verantwoordelikheid vir die toekoms op ons skouers rus. Wanneer ons hierdie verantwoordelikheid besef en aanvaar het, wag daar moeilike en gewigtige take op ons.

## GROTER LEWENSERNS

Ten eerste sal ons 'n veel groter lewenserns moet openbaar. Dit is ongelukkig waar dat ons geslag van studente die lewe te maklik gekry het. Ons ouers en voorouers, wat deur die moeilike ekonomiese en politieke tye gegaan het, het ons in 'n ekonomiese welsynstaat geplaas, waar dit met ons baie lekker en voorspoedig gaan. Ongelukkig lei welvaart altyd tot verswakking van mens se lewenskragtigheid om probleme die hoof te bied. Ons geslag het nie deur die smeltkroes gegaan waardeur 'n D. F. Malan en 'n C. R. Swart is nie. Tog is die toekoms wat op ons wag duisterder as die toekoms wat op hulle gewag het. Hoe kan ons verwag dat ons soos hulle as oorwinnaars uit die stryd sal tree, as dit ons ontbreek aan die staal wat tot stand kan kom in hom wat met erns die lewe aanpak.

## OPPERVLAKKIGHEID

Die gebrek aan lewenserns by ons het gelei tot 'n oppervlakkigheid wat vandag weerspieël word in die lewe van ons Universiteitsgemeenskappe. **Daar is 'n totale gebrek aan werklike diepte in ons studentelewe.** Sport, plesier en geld het die vernaamste kenmerk van die meeste van ons Universiteite se studente geword. Laat ons as studente in hierdie Republiekmaand met kommer op hierdie dinge let en laat elkeen daadwerklik begin om homself te reoriënteer.

Wanneer ons dan helderheid gekry het oor ons erns tot die lewe, moet ons ons volgende taak in dieselfde gees van ootmoedigheid aanpak. Saam met die vervlakking in ons geesteslewe het 'n vervlakking in ons staatkundige lewe gekom. Onder Europese invloed het die student van Suid-Afrika tot die standpunt gekom dat sy enigste funksie in die staatkundige lewe van sy land is om krities-afbrekend te staan. **Mense wat slegs kan kritiseer en afbreek is gewoonlik hulle wat**

(Vervolg in kolom 1)

(Vervolg van kolom 5)

**niks kan opbou nie.** Dit is ons studente se taak om te waak teen hierdie gees. Uit die aard van die saak moet 'n student krities wees, maar kritiek moet nie die doel op sigself wees nie, maar die middel waarmee suiwerder en sterker gebou kan word. As studente moet ons naby aan die kloppende hart van ons vaderland, sy staatshuishouding, staan.

**Ons moet meeleef in die politieke stryd van ons land en ons moet saambou aan die toekoms.** As ek praat van politieke stryd bedoel ek nie politieke haarklowery nie, maar erns met die politieke toekoms van ons land.

Wanneer die toekoms van ons vaderland ons erns geword het, sal ons ook besef dat dit ons taak is om te studeer. **Ons toewyding aan ons studies moet Suid-Afrika sterk maak.** Geen land kan die toekoms met vertroue tegemoet gaan as hy nie weet daar is jongmanne en jongvroue wat besig is om die nodige kennis te versamel; nie om groot salarisse te verdien, gerief en gemak te geniet nie, maar om van diens te wees aan Volk en Vaderland.

## GELOOF IN GOD

Vir ons toekomstaak moet ons nie net oor lewenserns, politieke lewenskragtigheid en akademiese toerusting beskik nie maar ons moet bowe alles die geloof in die Allerhoogste en die liefde vir Hom tot die sluitsteen van ons lewens maak. **Ook op godsdienstige gebied wag daar op ons as studente 'n groot taak in die Republiek van Suid-Afrika. Wanneer die donker toekoms ons vasknel is dit alleen die geloof in die God van ons vadere wat ons staande sal hou.** Daarom moet ons in ons lewenswandel die vrugte van hierdie geloof dra, want alleen as ons die vrugte dra, kan ons by ander die begeerte opwek om ook daardie vrugte te dra.

## REUSE TAAK

Dit bring my by die laaste taak van die student. Die verantwoordelikheid vir die toekoms rus op ons skouers en dit is ons taak om die een groot ideaal van die Republiek, 'n Suid-Afrikaanse eenheidsgevoel en patriotisme te verwesenlik. Dit is 'n reuse taak wat met groot insig, hanteer moet word, omdat in 'n Suid-Afrikaanse nasie die Engelse en Suid-Afrikaanse volkslewe ongeskend moet laat voortbestaan. Ons taak is om in Suid-Afrika 'n gesindheid en 'n gees van patriotisme op te bou waarbinne die Afrikaner en Engelsman as afsonderlike volke kan bly voortbestaan met 'n saambindende nasiegevoel. **Dit is dus ons taak om 'n eenheid van die onderskeid met liefde en toewyding op te bou.** Voor ons dit kan doen sal ons eers die bogenoemde vier take moet aanpak en met sukses deurvoer.

Laat ons nederig wees voor die omvang van ons toekomstaak. **Dit gaan aan ons hoë eise stel, omdat ons hoë ideale wil bereik. Ons gaan egter die toekoms tegemoet met geloof, hoop en vertroue.** Ons is studente wat moet studeer. Maar, ons gaan die een ding doen en die ander nie nalaat nie.



**Twee van die grootste figure uit Suid-Afrika se verlede en lewenslange kampvegters vir die verkryging van die Republiek. 'n Treffende foto van adv. J. G. Strijdom en dr. D. F. Malan, oud premiers van die Unie van Suid-Afrika en oud-studente van Stellenbosch.**

# 'N KEERPUNT IN ONS VOLKSLEWE

MET genoeë voldoen ek aan die versoek van die redaksie om op hierdie historiese tydstip 'n boodskap aan u lesers te rig.

Die dag 31 Mei staan in ons land se geskiedenis opgeteken as 'n gedenkwaardige dag. Dit staan gekoppel aan belangrike keerpunte in ons volkslewe. Op staatkundige gebied was hierdie dag in die jaar 1902 'n dag van verootmoediging toe 'n verslane volk hom moes toewy aan die moeisame taak van nasiebou. In 1910 was dit 'n dag van blye verwagting toe 'n herrese volk 'n verenigde Suid-Afrika kon lei op die pad na ekonomiese welvaart. En in die jaar 1961 word hierdie dag die geleentheid vir die viering van staatkundige vrywording en van politieke volwassenheid.

Ook in ander opsigte is 31 Mei vanjaar 'n keerpunt in ons volkslewe. Die koms van die Republiek lui 'n nuwe tydperk in waardeur, as't ware die vraagstukke van 'n verbygaande geslag plegtig aan die jeug van 'n nuwe Suid-Afrika oorgedra word. Hoe ernstig hierdie vraagstukke ook mag skyn te wees, gesien teen die agtergrond van 'n gistende Afrika, sal dit goed met ons volk en ons land gaan indien die jeug met geloof en vertroue die toekoms tegemoet gaan. Daarom ontwikkel u talente en wy u opnuut aan die taak van nasiediens. Lewe in die besef dat die toekoms van u volk nie op sy stoflike rykdom berus nie, maar op sy geesteskrag en sy geloof in sy eie voortbestaan. Die toekoms van ons land en volk is in u hande.

J. N. MALAN,
Administrateur van Kaapland.



# *Die Republiek en Ons Groter Verantwoordelikheid*

**Deur ds. J. S. GERICKE**


„Die land waarheen julle oortrek om dit in besit te neem is 'n land van berge en laagtes."— (Deut. 11 vs. 11.)

Daar is mense, ook oortuigde republikeine, wat dit jammer vind dat ons land 'n nuwe tydperk betree en 'n nuwe status bekom onder omstandighede wat vir die wêreld in die algemeen en vir ons land in die besonder nie baie rooskleurig is nie. Nie alleen plaas die gespanne toestande en die onsekere toekoms 'n demper op die vreugde van vele nie maar dit laat vir sommige mense wonder of die tydstip vir 'n nuwe begin nie 'n bietjie ongeleë is nie. Het ons dalk hier te doen met 'n ongelukkige sameloop van omstandighede?

Ek kan hierdie donker siening nie deel nie en ek wil graag my redes daarvoor noem.

**'N KARAKTERTOETS**

Op mense van karakter het moeilike toestande **altyd** 'n heilsame uitwerking. Dit is wanneer 'n mens in die noute is dat jy ontslae raak van die onnodige en betekenislose dinge van die lewe. 'n Mens dra nie waardelose dinge met jou saam as die pad steil geword het nie. Maar dit is ook in sulke tye dat die mens aangespoor word tot sy hoogste prestasies. 'n Heldegeslag word in moeilike tye gevorm, nooit as die pad gelyk is en alles voor die wind gaan nie.



Die Vise-Kanselier

Dit is dikwels voorspoed wat 'n volk se grootste bedreiging is omdat ons almal geneig is om met slap stringe te trek wanneer die pad gelyk is of afdraend loop.

Miskien het ons volk die afgelope dekades te veel voorspoed gesmaak met die gevolg dat ons gemaksugtig, selfsugtig en selftevrede geword het. Met 'n lamsakvolk sou die Republiek van Suid-Afrika weinig hoop hê op voortbestaan.

Daarom is ek oortuig dat die uiters moeilike omstandighede, waaronder ons die nuwe bedeling in ons landsgeskiedenis betree, juis die teenoorgestelde uitwerking kan hê as wat baie mense verwag. 'n Land wat op sy eie bene moet staan het manne en vroue van staal nodig. En sulke mense word in swaar tye gebore en gevorm!

Daar is dikwels 'n genadige beskikking in dié dinge wat ons vrees. Laat ons bid dat ons moeilikhede van ons beter en sterker mense sal maak, mense wat instaat sal wees om „'n land van berge en laagtes", van hoogtes en dieptes, te betree.

# *DIE REPUBLIEK — ONS EIE SKEPPING EN VERANTWOORDELIKHEID*

DIE Republiek van Suid-Afrika wat ons aanstonds in ontvangs neem, is die vervulling van ons diepste staatkundige begeerte, is 'n produk uit ons eie bodem, die skepping van ons eie breinkrag en handewerk, en daarby die bron van ons hoogste verwagtinge oor volkseenheid en die begin van 'n nuwe tydperk in ons geskiedenis.

Die Geskiedenis van die Republikeinse ideaal in Suid-Afrika is oorbekend. Dit spruit uit die drang om 'n eie landsbestuur te hê, ingerig volgens eie behoeftes en omstandighede. Daardie ideaal het sy wortels diep in Matieland. Hier, in ons onmiddellike omgewing, het die Vryburgers in verset gekom teen 'n uitheemse bestuur, toe liefde vir die Suid-Afrikaanse bodem by hulle begin ontluik. En hier het ons Alma Mater ontstaan, wat die draer sou word van 'n idee wat oor die jare heen sy produkte sou besiel om oor die lengte en breedte van ons vaderland met hoof en hand te ywer vir die skepping van 'n eie Republikeinse staatsvorm.



Dat dit ten spyte van terugslae en struikelblokke — wat soms met die diepste vernedering en smart gepaard gegaan het — kon groei tot die nuwe hoogtepunt wat ons nou binnegaan, getuig hoe stewig daardie ideaal in eie bodem geanker is. Ons nuwe Republikeinse Grondwet is gegrondves op die tradisies van albei taalgroepe, is feitlik 'n voortsetting van ons Unie-grondwet wat deur eie ervaring ontwikkel is, en is deur ons eie Parlement aangeneem. Geen ander mag of moondheid het in die bepaling van ons Republikeinse grondwet 'n rol gespeel nie. Ons moes hard werk om die ideaal te verwesenlik. Met die volkstemming moes oortuigingswerk en organisasiewerk teen die hoogste tempo gedoen word. En hoe het die jeug van Suid-Afrika, en by name die keur van ons Afrikanerjeug hier in Matieland, hulle nie in daardie proses onderskei nie! Die volkstemming oor die Republiek was die geleentheid vir die jeug, met sy sin vir die avontuurlike. Want wat verkry sou word, gaan die staatkundige huis wees waarin die jeug van vandag hul eie lot gaan uitwerk.

My ondervinding as Republikeinse Volkstemmingsagent in hierdie kiesafdeling het my geleer dat dit die idealisme van die jeug, vry van verouderde assosiasies, is wat tot groot hoogte hierdie beslissende eenheidslag vir Suid-Afrika geslaan het.

Maar die Republiek verteenwoordig ook die bron van ons grootste verwagting oor volkseenheid, ver buite die geledere van Afrikaanssprekendes. Die eenheidsdrang was altyd in Suidelike Afrika aanwesig, selfs lank voor Unie-wording. Dit is ongelukkig nie altyd vir die diepere doel van volkseenheid ingespan nie. Met Unie-wording is die brug van konstitusionele eenheid egter gebou. Met ons Republiek-wording word die laaste brug — dié van werklike eenheid van hart en sin — gebou.

Nie net ons wat oor die jare heen hard geywer het vir die Republiek nie, maar ook hulle wat sentimenteel anders gesind was, waardeer vandag die eenheidskeppende vermoë van die Republikeinse tydperk en stel hoë verwagtinge daaraan.

Omdat die Republiek tot hierdie mate ons eie is, is dit ook ons volle verantwoordelikheid. Sommer met die koms van die Republiek word 'n gedugte toets aan ons gestel deur druk uit alle oorde teen sy bestaansreg. Ons sal ons Republiek heldhaftig moet beskerm, op elke wyse en by elke geleentheid. Ons sal inhoud moet gee aan die Republiek, sodat sy eenheidskeppende vermoë ten volle kan deurwerk. Laat ons dit onthou, ook wanneer ons feesvier.


Die Republiek, wat vir ons al hoe meer die simbool van werklike eie nasieskap word, lui 'n nuwe tydvak in, die begin van verdere staatkundige groei. Dit is hierdie tydvak wat nou in die hande van ons jeug geplaas word om te gebruik, in die woorde van ons Eerste Minister: „Ons vra hulle om elke stap van verdere konstitusionele ontwikkeling te onderneem met die grootste agting vir wat aan hulle gegee is en om met 'n groot verantwoordelikheidsin niks te verander wat eenheid help skep nie."

H. H. SMIT, L.V.

## *A.S.B.-Komitee*

Die komitee wat verantwoordelik was vir die reëlings van die verrigtinge vanaand in die stadsaal is as volg saamgestel:

Mnre. J. T. Delport (voorsitter), W. Hartzenberg, J. Roos, D. du Toit, H. Verwoerd, J. Hattingh en mej. M. Reyneke.



TERTIUS DELPORT

## *Prof. H. B. Thom*

# Ideaal van Geslagte

Ons Republiekwording op 31 Mei 1961 beteken die verwesenliking van 'n ideaal wat vir geslagte in die harte van talle Afrikaners geleef het. Dit is die voorreg van die jeug van Suid-Afrika om die erfgename te word van die vrug van jarelange arbeid en strewe. Ons Republiek, soos ons toekoms, behoort aan hulle.

Die Republikeinse ideaal het ook in die harte van ons studente nie gesterf nie. Die geesdrif en erns waarmee die Stellenbosse studente hulle deur die jare vir hierdie ideaal beywer het, en waarmee hulle tans die verwesenliking daarvan tegemoet gaan, vervul die ouere geslag met vertroue.

Mag ons jeug die Republiek van Suid-Afrika, waarvoor daar veel gely, gearbei en gebid is, altyd waardig wees; en mag hulle deur eerlike inspanning en toegewyde arbeid dit uitbou tot 'n staat wat onder die state van die wêreld sy plek met eer en waardigheid sal inneem.



# *KONGRES-AFVAARDIGING*

Die Studenteraad het die volgende afgevaardigdes na die kongres van die A.S.B., wat in Julie in Bloemfontein gehou word, benoem:

Mnre. Tertius Delport, Gideon Boshoff, Piet Grobler, Gert Terblanche, Willie Hartzenberg, Francois Hanekom, mejj. Suzaan Mangold en Magna Reyneke en mnr. Francois Aucamp. Die volgende persone gaan saam as waarnemers en secundi vir bogenoemde persone: mnre. Bernhard Louw, Kobus Hattingh en Danie du Toit.

Die kongres sal gaan oor Nasionalisme en sy openbaring in die volkslewe en dit sal van 15 tot 22 Julie duur.

DIE MATIE word gedruk deur Pro Ecclesia-drukkery, Birdstraat, Stellenbosch, vir die Studente Verteenwoordigende Raad, Stellenbosch.